

# **DIE GODSDIENS AS PROBLEEM VIR DIE GODSDIENSWETENSKAP EN DIE TEOLOGIE**

**DEUR**

**PROF P J VAN DER MERWE**



**PUBLIKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
NUWE REEKS NR. 138—1979**

Hierdie publikasie en die publikasies wat agter in hierdie publikasie vermeld word, is verkrygbaar van:

Van Schaik's Boekhandel (Edms) Bpk  
Burnettstraat 1096  
Hatfield  
0083

# **DIE GODSDIENS AS PROBLEEM VIR DIE GODSDIENSWETENSKAP EN DIE TEOLOGIE**

**DEUR**

**PROF P J VAN DER MERWE**

INTREEREDE GELEWER OP 2 MEI 1979 BY DIE AANVAARDING VAN DIE  
PROFESSORAAT IN DIE DEPARTEMENT GODSDIENSWETENSKAP EN  
SENDINGWETENSKAP  
(FAKULTEIT TEOLOGIE, AFDELING A)



**PUBLIKASIES VAN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
NUWE REEKS NR. 138—1979  
ISBN 0 86979 038 2  
PRYS: 70 sent**

Broeders en susters in die Here Jesus Christus,

Na dekades van wisselende belangstelling kyk die teologie en die godsdienswetenskap vandag met nuwe aandag na dit wat die Christendom en ander godsdienste in gemeen het, naamlik die verskynsel godsdiens as sodanig. In toenemende mate word besef dat kennis hiervan belangrik is vir die voortgang van albei vakke, asook vir hulle verhouding tot mekaar.

Dat so 'n stelling in verband met die godsdienswetenskap gemaak kan word, sal nie anders kan as om verbasing te wek nie, want, moet ons vra, dui die naam van die vak nie alreeds daarop dat die verstaan van die wese van die godsdiens die primêre doel en taak daarvan is nie? Die antwoord daarop is natuurlik ja, maar dan moet daar op gewys word dat daar min verskynsels in die geskiedenis van die wetenskap is wat so moeilik geblyk het om te verstaan as juis die godsdiens.

As ons na die vroeë geskiedenis van die godsdienswetenskap kyk, sien ons hoe die geheim van die godsdiens voorop gestaan het in die gedagtes van die beoefenaars van die vak, hoe hulle daarna getas het maar die geheim steeds geheim gebly het. Die ontstaan- en ontwikkelingsgeskiedenis van die godsdienswetenskap vertel van skole wat mekaar in vaste reëlmaat opgevolg het en elkeen rondom 'n nuwe verklaring en definisie ontwikkel het. So kry ons dan dat die godsdienspsigoloog James Leuba al in 1912 reeds 48 definisies van die godsdiens getel het. Hierdie vermeerdering in verklarings en definisies het egter weinig gehelp om die onduidelikheid op te klaar; intendeel, dit het verwarring daarby gevoeg. Geeneen van die definisies kon daarin slaag om algemene aanvaarding te verwerf nie en baie mense het begin glo dat godsdiens 'n ondefinieerbare grootheid is.

So het 'n nuwe toedrag van sake gaandeweg begin posvat in die godsdienswetenskap. Beoefenaars van die vak het hulle al hoe meer begin afwend van pogings tot verklarings en definisies en het persone wat hulle nog daarmee besig gehou het daarvan beskuldig dat hulle hul met ydele spekulاسie, filosofie of selfs teologie besig hou. 'n Nuwe drang na eksaktheid het posgevat. Godsdienswetenskap moes as empiriese wetenskap beoefen word. Die doodsteek van die vak was die sogenaamde filosofiese bagasie wat dit steeds moes saamdra. So het die godsdienswetenskap van die een soort positiwisme na 'n ander soort oorbeweeg.

Dit sou egter nog geruime tyd duur voordat die godsdienswetenskap in 'n metodiese doodloopstraat sou beland. Omdat die vak in sy kinderskoene was en die algemene wetenskaplike klimaat positivisties, het dit geruime tyd geduur voordat godsdienswetenskaplikes metode-krities na hulle vak en die resultate van die verlede begin kyk het. 'n Faktor wat die ontwikkeling verder vertraag het, was die werksaamhede en bydraes van begaafde beoefenaars van die vak wat soos reuse vir dekades lank die beoefening van die vak oorheers het en ander laat glo het dat alles pluis was met die godsdienswetenskap. Ons dink byvoorbeeld aan Gerhardus van der Leeuw, Joachim Wach, C.J. Bleeker, Mircea Eliade, e.a.. Met hulle goeie aanvoeling het hulle meer-

male daarin geslaag om slaggate te vermy of brûe te slaan waar dit metodologies gesproke eintlik nie verder kon nie.

Met die geleidelike verdwyning van hierdie figure het daar egter 'n impasse in die godsdienswetenskap ingetree, en hoe meer godsdienswetenskaplikes daaroor nagedink het, hoe duideliker het dit vir hulle geword dat dié impasse hoofsaaklik met die metode te doen het. Ofskoon manne soos Van der Leeuw en Wach hulle met enkele metodiese kwessies besig gehou het, het 'n alomvattende besinning oor die metode van die godsdienswetenskap nooit regtig op dreef gekom nie. Dit is seker nie toevallig dat die nuwe insig saamgeval het met 'n opbloeï in die algemene metodeleer en die koms van name soos Popper en Gadamer in die metodeleer nie. Daar is al hoe meer geglo dat 'n vername rede waarom daar voorheen soveel onenigheid oor die taak en metode van die godsdienswetenskap en sy onderverdelings was, daarin geleë was dat min godsdienswetenskaplikes werklik wis wat metodologies kon of nie kon nie. So het die meningsverskil oor die definiëring van die godsdiens grotendeels voortgespruit uit godsdienswetenskaplikes se onkunde aangaande die sin, aard en funksie van 'n definisie en die verband daarvan met die metode wat in die vak gevolg word.

In die afgelope dekade en 'n half het daar aldus in die godsdienswetenskap 'n nuwe belangstelling in die metodologie ontstaan. Dit blyk duidelik uit moderne godsdienswetenskaplike publikasies, en is in dié mate op die voorgrond dat daar alweer besorgdheid heers dat die vak nou neig om in die metodeleer op te gaan. Gelukkig is daar egter ook diegene wat besef dat die godsdienswetenskap 'n geweldige debiet in dié verband opgebou het en dat dit nou betaal moet word.

Voorop in die nuwe soeke staan die vraag na die wese van die godsdiens. Dit het weinig sin om te vra na die betekenis van ondergeskikte nuwe kategorieë voordat daar oor hierdie oorkoepelende kategorie duidelikheid bestaan. Die ganse toekoms van die godsdienswetenskap hang af van die sukses waarmee hierdie saak opgeklar word. Dit is in dié verband dat aanhangers van die funksionele benadering daarvoor pleit dat daar afgesien moet word van die ideaal om godsdiens so te definieer dat die wese daarvan afsluitend beskrywe word. Sulke definisies is nie onnuttig nie, maar is nie 'n noodwendigheid vir die voortgang van 'n vak nie; trouens, wesensdefinisies kan dikwels nie opgestel word sonder dié resultate van 'n ondersoek nie. Daarom was baie van die ouere godsdienswetenskaplikes reg toe hulle gesê het dat hulle nog nie 'n definisie van die godsdiens kan verskaf nie, tensy hulle dié resultate van hulle studie vooruit wil loop. Hulle was egter in dié opsig verkeerd dat hulle gemeen het dat wesensdefinisies die enigste regmatige soort definisie is. 'n Mens kry ook funksionele definisies, waar die doel nie is om die onderhawige saak vir tyd en ewigheid klaar te omskrywe nie maar om 'n handvat aan die saak te heg ten einde 'n sekere mate van vordering moontlik te maak. As die betrokke definisie op 'n gegewe stadium onhoudbaar blyk, word dit gewoon aangepas by die nuwe insigte. Definisies en metodes is sake wat

hand aan hand gaan. 'n Definisie is gewoonlik op 'n bepaalde metode afgestem en daarom behoort dit nie vreemd te wees dat verskillende vakke dieselfde saak verskillend definieer nie. Die wetenskap is immers nie die werklikheid self nie maar is bloot 'n manier om na die werklikheid te kyk. Die definisie verteenwoordig 'n afspraak tussen kollegas; dit wil as't ware sê: kom, laat ons so na die saak kyk en sien of ons nie vorder nie.

Die funksionele benadering hou egter dié nadeel in dat dit nouliks 'n basis bied waarop fragmentering van 'n vak bestry kan word. Omdat die fokus van die saak self na die wetenskaplike verskuif, is dit moeilik om 'n toestand van *quot homines tot sententiae* te vermy. Vir die godsdienswetenskap is dit van groot belang aangesien die interne organisasie van die vak nóg 'n probleem is waarmee vakgenote vandag worstel. Lank reeds was dit 'n vraag of godsdiensfilosofie binne die godsdienswetenskap tuishoort en of dit nie eerder 'n onderdeel van die filosofie self moet wees nie aangesien die metode daarvan skreeu teen dié van die res. Metodiese oorwegings is ook die vernaamste rede waarom baie hedendaagse godsdienswetenskaplikes die interne organisasie van die godsdienswetenskap wil hersien. Die argument word geopper dat die godsdienswetenskap geen ander metode as die analities-deskriptiewe metode moet toepas nie omdat geen vak meer as een basiese metode durf toepas nie. So wil hulle dat daar afgesien word van alle evaluerende of normatiewe elemente aangesien die godsdienswetenskap geen grondslag het wat dit in staat stel om waardes of waarde-oordele te hanteer nie.

Dié standpunt het weer bepaalde implikasies vir die saak wat bestudeer word. Godsdiens word bestudeer, maar dan as niks meer as 'n menslike verskynsel nie. Sommige godsdienswetenskaplikes wil selfs hê dat dit nie eers gesê word nie. Volgens hulle bestudeer die godsdienswetenskap die religieuse mens en niks meer as dit nie. So 'n standpunt wil nie sê dat godsdiens net 'n menslike verskynsel is nie, maar wel dat die godsdienswetenskap net dié dimensie daarvan kan bestudeer. Die groot vraag is nou: Is dit moontlik om godsdiens so te bestudeer? Leen godsdiens hom tot hierdie soort reduksie of lei dit tot so 'n verdraaide beeld dat die poging sonder sin is? Die moderne godsdienswetenskap glo, in teenstelling met vorige sienswyses, dat dit moontlik is. Waar baie van die ouere beoefenaars nog gesê het dat 'n mens nie noodwendig 'n aanhanger van 'n bepaalde godsdiens hoef te wees om dit te bestudeer nie, sê baie van die moderne beoefenaars dat dit nie nodig is om hoegenaamd godsdiensdig te wees om die vak te beoefen nie, terwyl 'n verdere groep vandag glo dat 'n mens juis a-godsdiensdig moet wees as jy reg aan die vak wil laat geskied. Godsdiensdigtheid is 'n filter wat waarneming beïnvloed en onbetroubaar maak.

Dit spreek vanself dat baie van die moderne godsdienswetenskaplikes nie juis entoesiasies is oor die plasing van die godsdienswetenskap binne die teologiese fakulteit nie. So 'n plasing beteken noodwendig dat die godsdienswetenskap geïnhibeer word; meer nog, verkneg word aan 'n saak waarmee dit nie 'n ingeboude simpatie het nie. Daarom vind ons vandag al hoe meer die

toestand waar die godsdienſwetenskap in die fakulteit lettere en wysbegeerte beoefen word. So 'n plasing het volgens vakgenote ook 'n verdere voordeel: die metode van die vak word beveilig teen prejudisering. Resultate is meer betroubaar en uiteindelik is dit moontlik om die godsdienſwetenskap ter wille van die wetenskap alleen te beoefen. Op die lange duur sou die godsdienſwetenskap só ook meer vir die teologie beteken as dit van die resultate daarvan gebruik wil maak.

Dit is van betekenis dat daar vandag in die teologie eweneens herbesinning plaasvind rondom metodevraagstukke en dat 'n groot deel daarvan met die verskynsel godsdienſ te doen het. Vir sover die teologie 'n Christelike bedryf is, volg dit vanself dat 'n metodiese identifikasie van die teologie veel te doen het met die vraag na die wese van die Christendom en die kerk. Vir die beantwoording van dié vraag is dit nodig dat ook 'n verdere vraag beantwoord word, nl.: Wat lê nader aan die wese van die Christendom en die kerk — die feit dat die Christendom een van vele godsdienste in die wêreld is met Christus as stigtersfiguur, of die feit dat ons hier van 'n gemeenskap van gelowiges kan praat waarvan Christus die hoof is? ... Of is albei ewe wesenlik? Hoe 'n mens ook al op hierdie vrae antwoord, een verdere vraag bly altyd oor: Watter betekenis het die feit dat die Christendom met die ander godsdienste vergelyk kan word, daarin dat dit 'n godsdienſ is?

Van die begin van sy bestaan af moes die kerk homself verantwoord oor die feit dat hy in 'n wêreld van godsdienste werk waarvan daar t.o.v. elkeen gesê kon word dat bloot die bestaan daarvan 'n vraag aan die selfverstaan van die kerk impliseer. Die manier waarop die kerk op dié konfrontasie gereageer het, was nie altyd baie besonne nie. Tóg was daar dié teoloë wat die uitdaging van die heidengodsdienste onder woorde probeer bring het en meer genuanseerd as met die swaard daarop probeer antwoord het. Met die toenemende kontak wat die moderne era tussen Christendom en nie-Christelike godsdienste meegebring het, word die besinning oor die nie-Christelike godsdienste vandag allerweë as 'n onontkombare taak van die teologie aanvaar. Soos gewoonlik is daar ook diegene wat die saak oordryf en wil hê dat die sendingtaak deur 'n dialoogvoeringstaak vervang word, maar hulle oordrywing hoef nie vir ons 'n rede te wees om die teenoorgestelde rigting uit te gaan nie.

Dit is voor die hand liggend dat 'n teologie van die godsdienſ vir so 'n teologie van die godsdienste onontbeerlik is. Alleen dááruit kan die ooreenkomste en verskille tussen die Christendom en die nie-Christelike godsdienste verklaar word. Daarsonder is die teologie se denke en spreke oor dié godsdienste sonder bodem en is 'n gesprek met hulle aanhangers hoogstens die verwisseling van hoflike woorde.

Verdere faktore wat die teologie in die hedendaagse situasie tot 'n besef van die noodsaak van 'n teologie van die godsdienſ gebring het, was die toenemende sekularisme, kerklos- en kerkloosheid op 'n groter skaal as ooit, en die opkoms van ideologieë. Dit is van veel betekenis dat teoloë wat hulle met 'n teologiese evaluering van die sekularisasie besig hou, uitgaan van 'n

besinning oor die wese van die godsdiens. Vrae wat beantwoord moet word, is: Is alle godsdienste ewe veel vatbaar vir die aftakelende werking van die sekularisasie? Indien die Christendom minder vatbaar is, waaraan moet dit toegeskryf word? Moet die toenemende kerklos- en kerkloosheid gelyk gestel word aan 'n afname in godsdienstigheid? Indien so, bedoel ons daarmee dat die Christendom in die Weste aan die kwyn is of dat Westeringe al hoe minder in godsdiens in die algemeen geïnteresseerd is? Sou dit bv. ook moontlik wees dat 'n a-religieuse Christendom kan bestaan?

Wat die ideologieë betref, is die vraag nou nog nie beantwoord of ons hier met godsdiens in 'n nuwe gestalte te doen het en of dit 'n nuwe verskynsel is wat op godsdienstige sentiment steun en in baie opsigte toevallig dieselfde werking het nie. 'n Antwoord hierop sou uiteraard nou saamhang met die opvatting wat 'n mens van die godsdiens het.

'n Laaste faktor wat dit vir die teologie nodig gemaak het om hom van die betekenis van die godsdiens te vergewis, is die godsdienskritiek, wat so ver as die klassieke Griekse geleerdheid teruggaan, maar veral sedert die Aufklärung opgebloeï het. So dink ons aan die verklarings wat Feuerbach, Freud, Durkheim, Marx e.a. van godsdiens aangebied het en wat groot impak op die godsdienstigheid van die Weste gehad het. Ten spyte van die feit dat hierdie teorieë die saak van die kerk groot skade aangesien het, het daar nie juis van die teologie 'n daadwerklike poging uitgegaan om die essensie van die teorieë te snap en effektief daarop te antwoord nie. Die eerste teoloog wat met 'n groot mate van sukses 'n teologie van die godsdiens aangebied het wat hierdie teorieë ondervang, was Karl Barth, bietjie meer as 'n paar dekades gelede. Hy het 'n onderskeid getref tussen geloof en godsdiens. Godsdiens is dit wat die Christendom met die ander godsdienste gemeenskaplik besit en is niks meer as 'n menslike verskyningsvorm nie. Omdat dit uit die mens is, is dit sondig: 'n menslike poging om na God te reik, 'n geestelike toring van Babel. Godsdiens was, volgens hom, nie werd om te hulp gesnel te word in die aangesig van die godsdiens-kritiese aanslag nie. Geloof, daarenteen, is die resultaat van God se spreke tot ons; 'n lewende verhouding tussen God en sy kinders, waarvan die waaragtigheid gewaarborg word deur die waarheid van God. Vir sover die kerk 'n gemeenskap van gelowiges is, is dit uiteraard immuun teen godsdienskritiek. Vir sover dit egter ook godsdiens is, moet die kerk hom steur aan die godsdienskritiek. Volgens Barth is die kerk egter nie wesenlik 'n godsdiens nie en daarom tref die kritiek nie ten dode nie. Indien die godsdiens egter 'n onontkombare patroon van menslike reaksie op die groot waarhede verteenwoordig, kan die kerk die dilemma waarin hy dan staan grootliks te bowe kom deur sy godsdienstigheid elke dag opnuut te bekeer tot God en so die godsdienstige elemente in die kerk met geloof te deurgloei.

Vanuit Barth se standpunt het teoloë later tot hulle eie afleiding gekom, waarvan die interessantste dié van Bonhoeffer was. Hy het die mening uitgespreek dat die kerk na 'n a-religieuse Christendom onderweg is. Godsdiens behoort tot een van die ontwikkelingsfases van die mens. Die gesekulari-



seerde mens is iemand wat dié fase verbygegaan het en vir wie die Christendom as godsdiens 'n aanstoot is. As die kerk die eis wat so al hoe meer aan hom gestel word, tegemoet wil kom, moet hy nie aan die godsdiens bly klou nie maar bereid wees om gereduseer te word tot wat hy essensieel is, naamlik geloofsgemeenskap. Die a-religieuse mens van die sekularisasie het nie om dié rede ongeskik vir die Christelike geloof geword nie.

'n Minder oorspronklike afleiding was dié van die teoloë wat gemeen het dat hulle uit die godsdiens-geloof-dilemma waartoe Barth se tese die Christendom en die kerk bring, kon kom deur nie langer van die "Christelike godsdiens" te praat nie maar van die "Christelike *geloof*". Dit het tot 'n ooreenstemmende oplossing van die probleem gelei en veroorsaak dat sulke teoloë nooit die erns van godsdiens-kritiese teorieë vir die Christendom en kerk besef het nie.

'n Wesenlike taak vir die teologie van elke tyd is om die vraag na die wese van die Christendom en die kerk te vra en te probeer beantwoord. Vandag word besef dat dit nie kan gebeur sonder 'n besinning oor die wese en funksie van die godsdiens nie. Dit het nie alleen gelei tot 'n teologiese besigwees met tydgenootlike aktualiteite nie, maar ook vir die wyse waarop die verskillende teologiese vakke daaraan meedoen. So word daar vandag in die Bybelwetenskappe bv. geworstel met die vraag watter invloed van Israel se religieuse en kulturele konteks op die godsdiens van Israel en op die teologie van die Ou Testament uitgegaan het? Verder: Kan 'n mens van mite in die Bybel praat? Kan 'n mens die teologie van die Bybel ekstraheer uit sy religieuse en kulturele begeleiding? Ens.

Wat die sistematiese teologie betref, kan feitlik al sy rubrieke so geproblematiseer word. Dink aan die sakramentsleer, die leer van die kerk (vgl. Durkheim), e.a.. Ons moet nie dink dat dit gaan om ydele akademiese oefening nie. Sulke probleme is lankal reeds opgewerp en elke wyfeling van die teologie en die kerk in dié verband word maklik as onsekerheid vertolk.

In die kerkgeskiedenis kan erns gemaak word met die vraag hoe die kerk in sy historiese gang deur kulturele en religieuse eiendommikhede van die Weste beïnvloed en, miskien, gevorm is. Verder: Hoe verskil kerkgeskiedenis van gewone godsdiensgeskiedenis?

Die aktualiteit van 'n teologie van die godsdiens geld nie minder vir daardie vakke wat op die praktyk van die kerk se bestaan in die wêreld gerig is nie, te wete die praktiese teologie en die sendingwetenskap. Die belangrikste vraag wat dáár oorweeg moet word, is stellig of die kerklike praktyk 'n godsdienstige of 'n geloofsgemeenskap in die oog het, of dalk een wat iets van albei is. Die maklikste is natuurlik om te sê dat niks meer as 'n geloofsgemeenskap bedoel word nie, maar dit sal nie geloofwaardig wees as so 'n uitspraak nie daarvan blyke gee dat dit goed verstaan wat die vraagstelling impliseer nie. Indien daar egter, selfs met Barth se voorbehoude, toegegee word dat die gemeenskap van die heiliges onvermydelik ook religieuse gemeenskap is, het dit verreikende gevolge vir die kerklike praktyk: In hoeverre is dit dan verkeerd dat die predikant nie net verkondiger van die Woord is nie

maar ook religieuse offisiant waarvan die funksie nie veel verskil van dié van offisiant in ander godsdienste nie? Is die eise om meer "atmosfeer" in die erediens en groter aanskouslikheid in die liturgie dan so absoluut af te wys? Benewens hierdie ideële sake is daar ook nog die feite van die kerklike lewe wat so gereeld en verontrustend\* deur sosiologiese studies onder die aandag gebring word.

Dit is op dié punt dat ons daartoe kan oorgaan om die verhouding tussen die teologie en die godsdienwetenskap te bekyk. Ons het vroeër daarop gewys dat dit die moderne neiging is om die godsdienwetenskap vanuit die teologiese fakulteit na die fakulteit lettere en wysbegeerte te verskuif. As die motief daarvoor is dat daar gehoop word om die metode van die vak veilig te stel teen prejudisering, moet ons by voorbaat die futiliteit daarvan noem. Hoe objektief analise en beskrywing ook al geskied, kan dit nooit sonder interpretasie wees nie in welke geval vooronderstellings nie anders kan as om hulle rol te speel nie. As die motief egter net dié van groter selfstandigheid vir die vak is, sou daar seker nie prinsipiële besware deur die teologie ingebring kon word nie. Dit is egter 'n vraag of die teologie sal ophou om na so 'n verskuiwing met die geheim van die godsdien en sy verskynsele erns te maak. Trouens, dit is waarskynlik dat die teologie die meeste van dit wat hy op die oomblik onder die naam "godsdienwetenskap" doen, dan onder 'n ander naam sal voortsit.

Tegelyk moet daarvoor gepleit word dat die teologie in gevalle waar "godsdienwetenskap" steeds binne die teologiese fakulteit beoefen word, iets meer as 'n toevallige huisvesting moet wees, as die metode van die vak ter sprake kom. 'n Godsdienwetenskap wat nie sinvol by die teologiese raamwerk geïntegreer is nie, is 'n onding. 'n Teologiese godsdienwetenskap ontstaan wanneer daar naas die analities-deskriptiewe benadering ook teologies-evaluerend met die saak omgegaan word. Wat die sekulêre godsdienwetenskaplikes doelbewus vermy, naamlik die hantering van waardes en waarde-oordele, is in 'n sekere sin die hoogtepunt van die teologiese godsdienwetenskap. Metodoloë sal dalk hulle wenkbroue lig oor die feit dat twee metodes in een vak funksioneer, maar as die teologiese godsdienwetenskap hieroor veroordeel moet word, geld dieselfde oordeel vir die res van die teologie.

Uiteindelik gaan dit nie om die eer van die godsdienwetenskap, die teologie of die wetenskap nie, maar om die eer van God. Teologie, en daarmee die teologiese godsdienwetenskap, is geen wetenskap ter wille van die wetenskap nie. Die eerste lojaliteit van die teoloog is nie teenoor die wetenskap of selfs die teologie nie, maar teenoor God soos geopenbaar in Jesus Christus. Die teoloog wat sy kinderlike geloofsbinding aan God verloor het, is soos iemand wat aan geheueverlies ly.

Die geloof is egter geen lisensie vir 'n teologiese positiwisme of 'n onwetenskaplike teologie nie, juis omdat die geloof iets is wat ons nooit in dié greep kry nie, wat altyd groter as ons denke en woorde daaroor is. Hoewel die

teologie vir die gevoel van baie gelowiges 'n oefening in wysneusigheid is, kan die gelowige nie anders as om daardeur tot groter nederigheid te kom nie. Hierdie nederigheid neem toe namate hy homself ook as religieuse mens leer ken. Godsdienst is nog nie geloof nie en 'n groter kennis daarvan is nog geen groter kennis van God nie. Trouens, al wat duideliker word, is die mens wat met homself worstel ... ter wille van die worsteling? ... en waarvan die teoloog nie kan sê dat hy daarbo verhewe is nie. So 'n kennis laat hom besef dat daar geen ander manier van glo is as om dit soos 'n kind te doen nie.

## **SYNOPSIS**

### **RELIGION AS A PROBLEM FOR THE SCIENCE OF RELIGION AND THEOLOGY**

Religion, when contemplated and studied as a phenomenon in itself, holds important implications for both the science of religion and theology.

For the science of religion there is no more cardinal question than that of the essence, nature and function of religion for it has a bearing on both the content and the methodology of the subject.

In the study of theology, the question of the nature and identity of theology as such cannot be resolved without due attention being paid to the phenomenon of religion. In the past, the problems entailed by this question were either not perceived, or else avoided. Such an attitude, if pursued today, would only be to our own detriment.

It follows that this matter is also of importance for the relationship between the science of religion and theology. The question is whether the phenomenon is amenable to both approaches. Moot points such as these compel both disciplines to pay due attention to the phenomenon of religion. It is to be hoped that attempts to do so will not be made in isolation.

## PUBLIKASIES IN DIE REEKS VAN DIE UNIVERSITEIT

1. "Gids by die voorbereiding van wetenskaplike geskrifte" — Dr. P.C. Coetzee.
2. "Die Aard en Wese van Sielkundige Pedagogiek" — Prof. B.F. Nel.
3. "Die Toenemende belangrikheid van Afrika" — Adv. E.H. Louw.
4. "Op die Drumpel van die Atoomeeu" — Prof. J.H. v.d. Merwe.
5. "Livestock Philosophy" — Prof. J.C. Bonsma.
6. "The Interaction Between Environment and Heredity" — Prof. J.C. Bonsma.
7. "Verrigtinge van die eerste kongres van die Suid-Afrikaanse Genetiese Vereniging — Julie 1958".
8. "Aspekte van die Prysbeheersingspolitiek in Suid-Afrika na 1948" — Prof. H.J.J. Reynders.
9. "Suiwelbereiding as Studieveld" — Prof. S.H. Lombard.
10. "Die toepassing van fisiologie by die bestryding van Insekte" — Prof. J.J. Matthee.
11. "The Problem of Methaemoglobinaemia in man with special reference to poisoning with nitrates and nitrites in infants and children" — Prof. D.G. Steyn.
12. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part 1" — Dr. C.J. Liebenberg.
13. "The Trace Elements of the Rocks of the Bushveld Igneous Complex. Part II. The Different Rock Types" — Dr. C.J. Liebenberg.
14. "Protective action of Fluorine on Teeth" — Prof. D.G. Steyn.
15. "A Comparison between the Petrography of South African and some other Palaeozoic Coals" — Dr. C.P. Snyman.
16. "Kleinveekunde as vakrigting aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. D.M. Joubert.
17. "Die Bestryding van Plantsiektes" — Prof. P.M. le Roux.
18. "Kernenergie in Suid-Afrika" — Prof. A.J.A. Roux.
19. "Die soek na Kriteria" — Prof. A.P. Grové.
20. "Die Bantoetaalkunde as beskrywende Taalwetenskap" — Prof. E.B. van Wyk.
21. "Die Statistiese prosedure: teorie en praktyk" — Prof. D.J. Stoker.
22. "Die ontstaan, ontwikkeling en wese van Kaak-, Gesigs- en Mondchirurgie" — Prof. P.C. Snijman.
23. "Freedom — What for" — K.A. Schrecker.
24. "Once more — Fluoridation" — Prof. D.G. Steyn.
25. "Die Ken- en Werkwêreld van die Biblioteekkunde" — Prof. P.C. Coetzee.
26. "Instrumente en Kriteria van die Ekonomiese Politiek n.a.v. Enkele Ondervindinge van die Europese Ekonomiese Gemeenskap" — Prof. J.A. Lombard.
27. "The Trace Elements of the Rocks of the Alkali Complex at Spitskop, Sekukuniland, Eastern Transvaal" — Dr. C.J. Liebenberg.
28. "Die Inligtingsprobleem" — Prof. C.M. Kruger.
29. "Second Memorandum on the Artificial Fluoridation of Drinking Water Supplies" — Prof. D.G. Steyn.
30. "Konstituering in Teoreties-Didaktiese Perspektief" — Prof. F. van der Stoep.
31. "Die Akteur en sy Rol in sy Gemeenskap" — Prof. Anna S. Pohl.
32. "The Urbanization of the Bantu Homelands of the Transvaal" — Dr. D. Page.
33. "Die Ontwikkeling van Publieke Administrasie as Studievak en as Professie" — Prof. J.J.N. Cloete.
34. "Duitse Letterkunde as Studievak aan die Universiteit" — Prof. J.A.E. Leue.
35. "Analitiese Chemie" — Prof. C.J. Liebenberg.
36. "Die Aktualiteitsbeginsel in die Geologiese navorsing" — Prof. D.J.L. Visser.
37. "Moses by die Brandende Braambos" — Prof. A.H. van Zyl.
38. "A Qualitative Study of the Nodulating Ability of Legume Species: List 1" — Prof. N. Grobbelaar, M.C. van Beyma en C.M. Todd.

39. "Die Messias in die saligsprekinge" — Prof. S.P.J.J. van Rensburg.
40. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1963/1964.
41. "Universiteit en Musiek" — Prof. J.P. Malan.
42. "Die Studie van die Letterkunde in die Bantoetale" — Prof. P.S. Groenewald.
43. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1964/1965.
44. "Die Drama as Siening en Weergawe van die Lewe" — Prof. G. Cronjé.
45. "Die Verboude Grond in Suid-Afrika" — Prof. D.G. Haylett.
46. "'n Suid-Afrikaanse Verplegingscredo" — Prof. Charlotte Searle.
47. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1965/1966.
48. "Op Soek na Pedagogiese Kriteria" — Prof. W.A. Landman.
49. "Die Romeins-Hollandse Reg in Oënskou" — Prof. D.F. Mostert.
50. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1966/1967.
51. "Inorganic Fluoride as the cause, and in the prevention and treatment, of disease" — Prof. Douw G. Steyn.
52. "Honey as a food and in the prevention and treatment of disease" — Prof. D.G. Steyn.
53. "A check list of the vascular plants of the Kruger National Park" — Prof. H.P. van der Schijff.
54. "Aspects of Personnel Management" — Prof. F.W. Marx.
55. Samevatting van Proefskrifte en Verhandeling 1967/1968.
56. "Sport in Perspektief" — Prof. J.L. Botha.
57. "Die Huidige Stand van die Gereformeerde Teologie in Nederland en ons Verantwoordelikheid" — Prof. J.A. Heyns.
58. "Onkruid en hul beheer met klem op chemiese beheer in Suid-Afrika" — Prof. P.C. Nel.
59. "Die Verhoudingstrukture van die Pedagogiese Situasie in Psigopedagogiese Perspektief" — Prof. M.C.H. Sonnekus.
60. "Kristalhelder Water" — Prof. F.A. van Duuren.
61. "Arnold Theiler (1867—1936) — His Life and Times" — Dr. Gertrud Theiler.
62. "Dr. Hans Merensky — Mens en Voorbeeld" — Prof. P.R. Skawran.
63. "Geskiiedenis as Universiteitsvak in Verhouding tot ander Vakgebiede" — Prof. F.J. du Toit Spies.
64. "Die Magistergraadstudie in Geneeskundige Praktyk (M. Prax. Med.) van die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
65. Samevatting van Proefskrifte/Verhandelinge 1968/1969.
66. "Kunskritiek" — Prof. F.G.E. Nilant.
67. "Anatomie — 'n Ontleding" — Prof. D.P. Knobel.
68. "Die Probleem van Vergelyking en Evaluering in die Pedagogiek" — Prof. F.J. Potgieter.
69. "Die Eenheid van die Wetenskappe" — Prof. P.S. Dreyer.
70. "Aspekte van die Sportfisiologie en die Sportwetenskap" — Dr. G.W. v.d. Merwe.
71. "Die rol van die Fisiologiese Wetenskappe as deel van die Veterinêre Leerplan" — Prof. W.L. Jenkins.
72. "Die rol en toekoms van Weidingkunde in Suid-Afrikaanse Ekosisteme" — Prof. J.O. Grunow.
73. "Some Problems of Space and Time" — Mnr. K.A. Schrecker.
74. "Die Boek Prediker — 'n Smartkreet om die Gevalle Mens" — Prof. J.P. Oberholzer.
75. Titles van Proefskrifte en Verhandeling ingedien gedurende 1969/1970; 1970/1971 en 1971/1972.
76. "Die Akademiese Jeug is vir die Sielkunde meer as net 'n Akademiese Onderwerp" — Prof. D.J. Swiegers.

77. "'n Homiletiese Herwaardering van die Prediking vanuit die Gesigshoek van die Koninkryk" — Prof. J.J. de Klerk.
78. "Analise en Klassifikasie in die Vakdidaktiek" — Prof. C.J. van Dyk.
79. "Bantoereg: 'n Vakwetenskaplike Terreinverkenning" — Prof. J.M.T. Labuschagne.
80. Dosentekursus 1973 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 30 Jan — 9 Feb. 1973.
81. "Volkekunde en Ontwikkeling" — Prof. R.D. Coertze.
82. "Opleiding in Personeelbestuur in Suid-Afrika" — Prof. F.W. Marx.
83. "Bakensyfers vir Dierreproduksie" — Prof. D.R. Osterhoff.
84. "Die Ontwikkeling van die Geneeskunde" — Prof. J. Studer.
85. "Die Liggaamlike Opvoedkunde: Geesteswetenskap?" — Prof. J.L. Botha.
86. Dosentekursus: 1974 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 4—7 Febr. 1974.
87. "Die opleiding van die mediese student in Huisartskunde aan die Universiteit van Pretoria" — Prof. H.P. Botha.
88. "Opleiding in bedryfsekonome in die huidige tydvak" — Prof. F.W. Marx.
89. "Swart arbeidsregtelike verhoudings, quo vadis?" — Prof. S.R. van Jaarsveld.
90. "The Clinical Psychologist: Training in South Africa. A report on a three-day invitation conference: 11—13 April 1973.
91. "Studie van die Letterkunde in die Taalonderrig" — Prof. L. Peeters.
92. "Gedagtes rondom 'n Kontemporêre Kerkgeskiedenis — met besondere verwysing na die Nederduits Gereformeerde Kerk — Prof. P.B. van der Watt.
93. "Die funksionele anatomie van die herkouermaag — vorm is gekristalliseerde funksie" — Prof. J.M.W. le Roux.
94. Dosentekursus 1975 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 27 Januarie — 6 Februarie 1975.
95. "'n Nuwe benadering tot die bepaling van die koopsom in die geval van 'n oorname" — Prof. G. van N. Viljoen.
96. "Enkele aspekte in verband met die opleiding van veekundiges" — Prof. G.N. Louw.
97. "Die Soogdiernavorsingsinstituut 1966—1975".
98. "Prostetika: 'n doelgerigte benadering" — Prof. P.J. Potgieter.
99. "Inligtingsbestuur" — Prof. C.W.I. Pistorius.
100. "Is die bewaring van ons erfenis ekonomies te regverdig?" — Dr. Anton Rupert.
101. "Kaak- Gesigs- en Mondchirurgie — Verlede, Hede en Toekoms" — Prof. J.G. Duvenage.
102. "Keel-, Neus- en Oorheelkunde — Hede en Toekoms" — Prof. H. Hamersma.
103. Dosentesimposia 1975.
104. "Die Taak van die Verpleegonderwys" — Prof. W.J. Kotzé.
105. "Quo Vadis, Waterboukunde?" — Prof. J.P. Kriel.
106. "Geregte Geneeskunde: Die Multidissiplinêre Benadering" — Prof. J.D. Loubser.
107. "Huishoudkunde — Waarheen?" — Prof. E. Boshoff.
108. Dosentekursus 1976 — Referate gelewer tydens die Dosentekursus 29 Januarie — 4 Februarie 1976.
109. Tweede H.F. Verwoerd-gedenklesing gehou deur die Eerste Minister Sy Edele B.J. Vorster.
110. Titels van proefskrifte en verhandelings ingedien gedurende 1972/73; 1973/74 en 1974/75 en wetenskaplike publikasies van personeelle vir die twaalf maande eindigende op 15 November 1975.
111. "Ortodonsie — 'n Oorsig en Waardebepaling" — Prof. S.T. Zietsman.

**ISBN 0 86979 038 2**